HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

Met 'n besige week gee ons graag die volgende mooi prestasies deur.

RUGBY SEMI-FINAAL

Geluk aan ons 3de span wat eerskomende naweek in die Vrystaat A-liga finaal teen Sentraal speel. (Tyd 11:00 Shimlapark)

Ander uitslae:

o/14A 29-30 vs Jim Fouché

o/15A 10-47 vs Jim Fouché

o/16A 9-17 vs Sentraal

1ste span 17-27 vs Sentraal

SA-LAERSKOLE NETBAL

Baie dankie aan almal betrokke by die aanbied van die SA-Netbalkompetisie. Dit was werklik 'n groot sukses. Hoërskool Fichardtpark het baie komplimente gekry.

HOKKIE-UITSPEEL WEDSTRYDE

Ons eerste Hokkiespan het in die Vrystaat Hokkie liga 3 elk gelykop gespeel teen Eunice Colts. Met ekstra tyd het ons ongelukkig verloor.

SKOLE-SJEFKOMPETISIE

Elzeri Pelser is aangewys as finalis in die Noord-Kaap / Vrystaat se skolesjefkompetisie wat aangebied word deur die FBI Sjefskool (Food and Beverage Institute). Sy neem Saterdag 4 Augustus deel aan die finale rondte.

GIMNASTIEK

Cabous Jacobs is gekies vir die Suid-Vrystaat gimnastiekspan wat in Natal deelneem.

CHEERLEADERS

Baie geluk aan die volgende Cheerleaders wat vir SA-spanne op oorsese toere gekies is.

SAMCA NATIONAL ALL GIRLS

Michaela Kruger en Bianca van Tonder

SAMCA CO-ED

Justin Coetzer

OEFENSPAN

Dylan Becker

SKOLE-SKUT

Baie geluk aan Ruan Coetzee wat gekies is vir die SA-Toerspan na Engeland. Ons weet dit sal goed gaan.

Johan van der Walt en Juané van der Walt is gekies vir die Vrystaatspan wat aan die Nasionale baanskiet kampioenskappe gaan deelneem.

Ons vra dat ouers ons met die volgende funksies sal ondersteun.

16 Augustus – Manne aand. (kontak mnr Pieter van Staden)
23 Augustus - Musiekaand Matthys Roets (kontak mev Joanita Erasmus-Alt)

7 September - Gholfdag (kontak mnr Pieter van Staden)

WELKOM TERUG

Baie wekom terug aan Me Lettie Barker wat na siekverlof terug is by die skool. Ons glo en vertrou dat sy met nuwe krag en moed die res van die jaar sal aanpak.

STUDIEWERKSWINKEL

SVO2-span bied 'n studiewerkswinkel aan. Kostes is R150 vir die volledige werkswinkel (3 sessies) plus die handleiding. Sluitingsdatum vir inskrywings is 13 Augustus.

(Dokument aangeheg en beskikbaar op die D6 Communicator)

HOËRSKOOL FICHARDTPARK

Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling & Ondersteuning

Liewe Ouer/Voog

Hoërskool Fichardtpark verneem om die kwartaal 'n **STUDIEWERKSWINKEL** aan te bied. Die werkswinkel behels die volgende:

- Optimalisering van breinfunksionering en geheue
- Tydsbestuur
- Doelwitstelling
- Motivering
- Streshantering/ ontspanningstegnieke
- Neem van notas
- Persoonlike leerstyl evaluasie
- Sleutelwoord ontgunning
- Verskeie opsommings tegnieke
- Verskeie studie metodes
- Eksamen leiding
- Studierooster

Indien u enige ander versoeke het, skryf dit asb in die spasie voorsien.

Hierdie werkswinkel sal egter strek oor 3 weke:

Sessie 1: Woensdag 15 Aug 14:00-15:00

Sessie 2: Woensdag 22 Aug 14:00-15:00

Sessie 3: Woensdag 29 Aug 14:00-15:00

Kostes beloop **R150 per persoon** vir die volledige werkswinkel. Met ander woorde 3 sessies van 'n uur elk. 'n Handleiding sal ook ingesluit word.

Betaal en handig die voltooide vorm by Tannie Elizabeth in voor of op **13 Augustus**.

Plek is beperk, registreer so gou moontlik om jou plek te verseker.

Leerder Naam en van	Graad + Klas	Ouer / voog hantekening.	Ouer / voog kontakbesonderhede

Groete SVO2 -Span

Saai in die Verryking van Lewens

Tel: 051 – 5226927 Faks: 051 – 5252043 E-pos: svo2@fpark.co.za